NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

22 Oktober 2021: Nr 37/2021

Warmnuus

❖ Saakgelastigde

Rehan Rheeder (Villieria) is by die onlangse SDR-vergadering as deeltydse Saakgelastigde in die plek van **Johan Kruger**, wat in April 2022 sewentig word, aangewys. Die Noordelike Sinode gaan 30 ure per week van Rehan se tyd by sy gemeente uitkoop. Hy sal amptelik op 1 Mei 2022 as Saakgelastigde oorneem.

❖ Afskeidsrituele

Kliek hier om na die opname van gister [20 Oktober] se zoom-gesprek te luister/kyk. **Dieter de Bruin** [Pretoria-Faerie Glen] het 'n inleiding gegee en daarna was daar 'n gesprek oor hoe ons in hierdie Covid-tyd kan afskeid neem van geliefdes.

❖ Sinodesitting 2022

Sondagmiddag *16 Oktober* tot Donderdag *20 Oktober* middagete te Weesgerus.

Sinodenuus

❖ Covid-19

Kerkwees en Covid-19

Die **Taakspan Op weg met Covid-19** het die volgende dokumente aan die SDR voorgelê tydens die afgelope vergadering. Neem asseblief kennis van die inhoud en voer hierdie gesprek verder in julle gemeentes:

* **Vorderingsverslag / gesprekdokument** [kliek hier]
* **Video -** Met die video wil die taakspan kykers lus maak om saam met hulle te droom van 'n kerk wat verbeeldingsvol, en met weerstandigheid, op weg is met Covid-19 [kliek hier]

Inenting

Die Departement van Gesondheid wil graag met kerke saamwerk om mense teen Covid-19 in te ent. Gemeentes kan kerksale beskikbaar stel. Hulle is ook bereid om spesiaal 'n inentingsdag by gemeentes te reël indien daar 'n substansiële getal lidmate is wat belang stel. **Kontak** prof. Jannie Hugo, by 082 372 2435 / jannie.hugo@ up.ac.za.

❖ Weskoppies

Borg-'n-Pasiënt-projek - ***Pieter en Carien de Wet*** skryf: "Kersfees is 'n spesiale omgeetyd in Weskoppies. Covid-19 het baie ontbering meegebring vir ons pasiënte. Ons is dankbaar dat familie van pasiënte darem nou weer besoekies kan bring. "Vriende" wil andermaal probeer om die Kerstyd vir ons pasiënte spesiaal te maak.

Danksy jul ondersteuning, was dit nog altyd moontlik om met hierdie projek ‘n wesenlike verskil te maak. Met ons “Borg-‘n-Pasiënt”-projek poog ons om aan ongeveer 600 pasiënte elkeen ‘n heerlike Kersete, met nagereg, asook ‘n klein Kersgeskenkie op Kersdag te bied. “Vriende” begroot R60.00 per kop vir bogenoemde projek.
Navrae: Pieter de Wet 082 4757944
Direkte inbetalings en internet oorbetalings: Friends of Weskoppies; ABSA Tjekrekno. 3260 141 707, Takkode: Mall @ Reds 336-345; Verwysing: BP21 + u Naam.

❖ Tekslees met ‘n verskil

Datum: *26 Oktober*
Skriflesing: **Heb 9:11-14**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join. Zoom Meeting [Kliek hier]; **Meeting ID**: 921 9767 1478;
Password:453371

❖ Jaarboek 2022

‘n Beperkte oplaag is vanaf Desember beskikbaar.

Plaas jou bestellings vandag nog om teleurstelling te voorkom. 1-3 boeke @ R385 elk; 4+ boeke @ R365 elk; CD @ R295 elk; Boek en CD @ R455 per stel. [Kliek hier om te bestel].

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Emeritaat

Die Ring van Midde-Afrika het by sy onlangse sitting op *16 Oktober* in Harare, afskeid geneem van **Gerard Breytenbach.** Hy was byna 43 jaar in Zimbabwe predikant en het onder andere in die gemeentes Marondera, Cornerstone, Beatrice en Chivhu bedien. Hy en sy vrou **Sheri** gaan voorlopig in Harare aanbly.

❖ Beroepe

Werner Nel (Lusaka) neem eerskomende Sondag (24 Oktober) afskeid van die DRC in Zambia. Hy het ‘n beroep aanvaar na **Klerksdorp-Doringkruin.** **>>>**

<<< **Warmbad-Wes** het vir **Sarel Dry** [Greylingstad] beroep.

❖ Covid-19

Ons is nie tans bewus van enige nuwe positiewe gevalle nie.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

25/10 Thom Schutte [Krokodilrivier]
28/10 Frikkie du Plooy [Florauna]
Neels Els [Emeritus]
Louis Brittz [Emeritus]
29/10 Thinus Grobler [Emeritus]
Johan Wildenboer [Florandia]

****

25/10 Eileen Kotze [Eggenote van Joggie Kotze, Dwaalboom]
28/10 Esna Strydom [Eggenote van Gerrie Strydom, Florandia]
31/10 Rika Lübbe [Eggenote van Paul Lübbe, Montana]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Bergtuin [28/10/1974]

❖ Overkruin

Ouerword en regsake - Op Saterdag *23 Oktober* word 'n baie belangrike seminaar aangebied vir ouerwordende persone en hulle kinders tov belangrike regsake wat ouerword raak. Die spreker is die baie bekende op RSG Regsake, prokureur Volker Kruger. Dit word gebeeldsend en die skakel is https://youtu.be/e-RXyxdvfrc.
Navrae: *Petrus Moolman*, 082 452 5826.

❖ Rietfontein-Noord

Feesmark *26-30 Oktober* **& feesnaweek** *29-30 Oktober*
Adres: 24ste Laan 800, Rietfontein (072 206 4509)
Kliek hier vir die volledige inligting.

❖ Doornpoort

Die gemeente hou **Doornfees** op *30 Oktober* **>>>**
Navrae: 012 547 1456 of besoek https://www.facebook.com/NGDoornpoort

❖ Queenswood

Basaar *30 Oktober* vanaf 8:30
Adres: Garretlaan, Queenswood (012 333 1797)
Koor en orkes, speletjies vir kinders, gesigverf en 'n lekkergoedtafel, wit olifanttafel, boeketafel, handwerk- en geskenketafel, pannekoek, biltong en droëwors, kerrie-en rys, vetkoek, burgers, kaasworsies en skyfies, worsbroodjies, nageregte asook varsgebak en ystee/koeldrank.

❖ Wespoort

Karnaval
Datum: *30 Oktober*
Navrae:
Kontak die kerkkantoor 012 386 5782.

Excelsus

❖ Kursusse / werkswinkels

Boekbespreking

Jy word vriendelik uitgenooi om deel te neem aan die boekbespreking van George Hunsinger se **The Eucharist and Ecumenism: Let us Keep the Feast**. Die aanlynsessies vind op *26 Oktober, 2 November, 9 November en 16 November* om 14:00 plaas. **Inligting >>>**
Sprekers sluit Martin Laubscher, Jacobus de Bruyn en Dieter de Bruin in.
Kyk gerus na die **agtergrondvideo** rondom die tema. [Kliek hier]
Registreer by hierdie skakel.

Digitale Learning Community

Ekerk nooi jou graag na hierdie gratis geleentheid toe op **Donderdag** 4 November [10:00-12:00].
Die tema is "**Een lewe van Integriteit: Die geheime én publieke lewe van 'n gelowige**". 'n Lewe van integriteit is van kardinale belang vir geestelike leiers asook vir elke gelowige. Die sinkronisering van ons publieke en geheime lewe volgens God se wil. Kom reis saam die oggend van die 4de November waar ons na verskeie geestelike leier luister

en kyk die oggend wat gesels oor hierdie tema.
[Kliek hier vir volledige inligting en om te registreer].

Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes

Excelsus gaan in die volgende jaar 'n reeks **werkswinkels** op verskillende plekke aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van 'n **Bedieningsdiagnose in gemeentes**. Die werkswinkel berus op die **werkboek *"Bediening in en van Missionale Gemeentes"*** wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is. **Aanbieder:** Malan Nel. **VBO-punte:** 10.
Datum: Do *11 November* (14:00 – 17:00) & Vry *12 November* (08:30 – 15:00). **Plek:** NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat). [Kliek hier vir die volledige inligting en inskrywingsvorm.]

Ander nuus

❖ Identiteit en Versoening

Die Algemene Sinode se Taakspan vir Identiteit en Versoening se Navorsing Leergemeenskap hou 'n aanlyn gesprek. Kom luister en gesels saam na mense se navorsing oor versoening, rasse verhoudings en identiteit.
Datum: *28 Oktober* om 14:00
Gespreksleiers en aanbieders: Cobus van Wyngaard, Louis van der Riet, Robert Vosloo, Leon Foot en Anandie Greyling. Kliek hier om te registreer.

Vakatures

❖ Vergenoeg: Bestuurder

Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om 'n tuiste vir ouer persone (self-sorg en verswakte bejaardes) en aftree behuisingskema te bestuur. Die tuiste funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde kerklike organisasie en die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.
Diensaanvaarding vanaf: *1 Januarie 2022*
Aansoeke: 'n Volledige CV met stawende dokumente moet vóór *31 Oktober* gestuur word aan: bestuurder@huisvergenoeg.co.za. Die aansoeker aanvaar dat die aansoek onsukselvol was indien 'n diensaanbod nie vóór of op 01 Desember 2021 ontvang is nie.

❖ Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

Naskrif